## Wees as gelowiges oorvloedig in die bring van die dankoffers

**Lees: 2 Korinthiërs 8: 1 – 15** **Teks: 2 Korinthiers 8: 7**

Om te praat oor dankoffers en kerklike finansies is nooit ‘n maklike saak nie. Die rede is dat sodra jy daaroor praat dan slaan mense toe. Hulle wil nie daaroor praat nie. Dit is vir hulle moeilik. Daar is altyd die klag oor nie genoeg geld nie. Almal sukkel dan in die lewe. Hoe gaan ons nog bykom met die bietjie wat ons het.

Paulus raak die saak van kerklike finansies aan in ons voorgelese gedeelte. Hy benader die saak met deernis en begrip. Maar wat gesê word is van groot belang vir die gemeente. Daar is ‘n paar baie belangrike beginsels wat uit hierdie gedeelte na vore kom wat ons in ons eie lewens moet begin toepas.

Paulus praat op verskeie plekke oor geld sake. Ons lees hoedat daar in Handelinge en aan die gemeente in Filippi daaroor gepraat word. Die gemeente in Filippi het hom nou bygestaan in sy sendingreise, al was hulle ook ‘n arm gemeente.

Vanuit hierdie gedeelte kom ons agter dat daar ‘n projek was om geld in te samel vir die gelowiges in Jerusalem. Dit het goed begin maar het begin spoed verloor. Verskeie gemeentes het gegee uit eie beweging, hulle het eintlik daarop aangedring. Verse 2 en 3 is duidelik dat dit nie ryk mense was nie. Hulle was arm en het swaar beproewing deurgemaak. Hulle blydskap was egter oorvloedig. Gewillig het hulle gegee, en nie uit dwang nie.

Wat is van belang hier? Dit is die gesindheid waarmee hierdie saak aangepak is. Dit getuig van ‘n ware liefde vir God. Dit alles moontlik deur die genade van God. Ware geloof vra dat jy jou eers aan God oorgee en dan kan jy met ‘n blymoedige hart gee (v5).

As ons na ons eie gemeente kyk dan lyk dit finansieël nie baie rooskleurig nie. Ons weet dat daar lidmate is wat nie bydra nie. Ons weet dat dit met almal finansieël swaargaan in die lig van verwikkeling in ons omgewing. Maar met watter gesindheid benader ons nie net ons finansies of kerklike finansies nie, maar ons ganse lewe? Weerspieël ons geloofslewens die regte gesindheid wat by ons dankbaarheid oor God se genade pas? Besef ons die noodsaak om die regte gesindheid te moet hê om sodoende ware dankbaarheid teenoor God te bewys.

Paulus gee aan hierdie gemeente die regte motivering. Ons lees in vers 7 daarvan. Aangesien hulle al hierdie dinge het, omdat dit van God af kom, hoekom dan nie oorvloedig wees in hulle dankoffers nie?

Die motivering in vers 9 is groot. Jesus Christus het arm geword sodat ons ryk kan word. Waarom wil ons dan nie uit dit wat ons van Hom ontvang nie dan gee sodat Sy werk gedoen

kan word nie?  Daarom gee ons uit dankbaarheid oor die genade wat God aan ons bewys het. Dit is 'n toets vir die opregtheid van ons liefde vir God.

Jy het 'n plig ten opsigte van jou dankoffer om in liefde God daardeur te dien.  As ons dus sien dat daar mense is wat nie gee nie, of mense is wat dalk met die verkeerde gesindheid gee, hoe word ons liefde vir God daardeur weerspieël?  As daar nie dankoffers is nie, dan is daar nie liefde nie.  Jy maak 'n belofte om God te gehoorsaam.  In jou belydenisaflegging is dit duidelik dat jy die Here in liefde sal dien.  Wat word daarvan jare later?

Wat is egter die riglyn waarvolgens ons moet gee?  Vers 12 – 14 is duidelik.  Uit dit wat jy het, en nie uit dit wat jy nie het nie.  Die Here sal jou nooit meer vra as wat jy het nie.

Hoeveel is jy bereid om op te offer?  Hoeveel gee die Here nie vir jou nie.  En as jy gee, wie gee jy eerste.  Maleagi praat baie duidelik en reguit met die volk na Ballingskap.  In Maleagi 3: 10 sê hy duidelik:  "Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe, sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets my hierin sê die Here die Almagtige.  Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie."  So seën die Here sy volk, sy Kerk wanneer daar in liefde gegee word uit wat jy het.  Dit kom van die Here af.

**Ds. Neville Boy**
**21 Julie 2019**